# Let the Games begin...

## ATHENE 2004

STEFAN WEHMEYER
**Assistentdirekteur: Steundienste**

Die vierjaarlikse Olimpiese Spele is werklikwaar 'n hoogtepunt in menigte se lewe en ek sien reeds in my geestesoog vir Hestrie Cloete en haar vingermimieke. Die Olimpiese skouspel is iets wat min mense wil misloop en raai net wie neem verlof van die 13de Augustus tot die 29ste Augustus? Dit is vanjaar die derde keer dat die Olimpiese Spele op die Internet is. Die nuwe tegnologie, Internet en satelliet televisie bederf ons heerlik. Heel anders as toe ek as 12-jaar-oue seuntjie in 1972 na my eerste Olimpiese Spele (München) op 'n klein FM radio'tjie geluister het.

Die offisiële webtuiste van die 2004 Olimpiese Spele is *www.athens2004.com*. Die webtuiste is al lankal lewendig - 'n hele twee en halwe jaar voor die aanvang van die Spele, spog die Internasionale Olimpiese Komitee (IOK) se mense. Die webtuiste is werklikwaar omvattend en alles wat jy wil weet oor die Spele is hier te vinde. Inligting oor sportkodes se kwalifiserende rondtes, besoekersinligting, vervoerreëlings in Athene, Olimpiese stadions, kaartjies!, koopgoetertjies, die volledige skedule van gebeure, die reise van die Olimpiese fakkel en dan natuurlik ook elke sportkode.

Die hooftuisblad (onthou die Paralimpiese Spele vind ook hier plaas van 17-28 September) bevat skakels na die webtuistes van die IOK (*www.Olympic.org*), Beijing 2008 (*www.beijing-2008.org*), die Internasionale Paralimpiese Komitee (*www.paralympic.org*) en die eerskomende Winterspele in Torino, Italië (*www.torino2006.it*).

Baie nuttig op die Athene webtuiste is die skakels na elke Olimpiese sportkode. Elke skakel verskaf nogal baie nuttige inligting, onder andere, die geskiedenis en die reëls van elke sportsoort. Hier dan in alfabetiese volgorde en ek gee maar die Engelse naam eerste.

### *Aquatics / Watersport*

Dis die versamelnaam vir die volgende kodes: swem, duik, waterpolo en gesinkroniseerde swem. Swem is al sedert 1896 deel van die Olimpiese Spele. Gesinkroniseerde swem is vanaf 1984 op die program. Die Internasionale Swemfederasie (FINA) se webtuiste is *www.fina.org*.

### *Archery / Boogskut*

Hierdie vernuftige sportsoort bied individuele en spanitems aan. Die Internasionale Boogskutfederasie is FITA en die webtuiste is *www.fita.org*.

### *Athletics / Atletiek*

Seker een van die gewildste sportsoorte en hierdie sportitems is waarskynlik die oudste vorms van georganiseerde sport. Hier gaan alles mos oor hardloop, spring en gooi en, ek moet sê, dis uiters opwindend om dop te hou. In die ou Griekse tradisie gaan die 2004 marathon die historiese roete volg, dit begin by die Marathonas stadium en eindig by die Panathinaiko stadium (die oorspronklike stadium van die antieke Griekse Olimpiese Spele).

Die Internasionale Vereniging van Atletiekfederasies (IAAF) se webtuiste is *www.iaaf.org*. Die webtuiste is werklikwaar die alfa en die omega van atletiek. Baie interessant is die lyste van wêreldrekords, *www.iaaf.org/statistics/records/index.html*. Ek wonder nog altyd wat van daai super Oos-Europese vroue geword het, baie van hulle rekords staan nog steeds en dit 'n hele 15 jaar na die val van die Berlynse Muur! Ou Hestrie sal daai vingertjies nog so 'n ekstra draai of drie moet gee as sy Stefka Kostadinova van Bulgarye se 1987 wêreldrekord wil oortref.

### *Badminton / Pluimbal*

Ja, dis die sport waar jy jouself vrek moet slaan vir daai pluimballetjie om te beweeg. Interessant van die kompetisie is die gemengde dubbel kompetisie waar man en vrou op 'n gelyke vlak meeding. Die amptelike webtuiste van die Internasionale Pluimbalvereniging is *www.intbadfed.org*.

### *Baseball / Bofbal*

Met kolwe en goeters lyk dit vir my so half-en-half na 'n Amerikaanse vorm van krieket (so gepraat van krieket, ek wonder wanneer gaan dit, en rugby, eendag Olimpiese sportsoorte word?). Die webtuiste van die Internasionale Bofbalfederasie (IBAF) is *www.baseball.ch*.

### *Basketball / Basketbal*

Dis die sport van die lang reuse wat vinnig en raak moet gooi om doele aan te teken. Die Internasionale Basketbalfederasie (FIBA) se webtuiste is *www.fiba.com*. Laasgenoemde is regtigwaar 'n baie aantreklike webtuiste. Gaan kyk gerus self.

### *Boxing / Boks*

Interessant genoeg in die antieke Griekse tye was die wenner van 'n boksgeveg die man wat die langste op verdediging kon bly en sy teenstander se vuishoue kon vermy. Met ander woorde: nie-aggressiewe mense soos ek sou maklik gewen het!! Olimpiese boks het 'n ouderdomsbeperking van 17-34 en mans kompeteer volgens gewigsgroepe. Die webtuiste van die Internasionale Amateur-Boksvereniging (AIBA) is *www.aiba.net*.

### *Canoeing / Kanovaart*

Kanovaart bestaan uit gladde water kompetisies sowel as die slalom kompetisie met verskillende hindernisse en stroomversnellings. Die amptelike webtuiste van die Internasionale Kanofederasie(ICF) is *www.canoeicf.com*.

### *Cycling / Fietsry*

Hierdie gewilde sportsoort wat ook deur baie mense as 'n stokperdjie beoefen word, bestaan uit drie afdelings tydens die Olimpiese Spele: padwedrenne, baanrenne en bergfiets. Bergfiets het maar in die sewentigerjare ontstaan en het intussen gegroei tot 'n baie opwindende sportsoort. Die Internasionale Fietsryvereniging (UCI) se webtuiste is *www.uci.cf*.

### *Equestrian / Ruitersport*

Ruitersport is uniek by die Olimpiese Spele in die sin dat mans en vroue op gelyke vlak met mekaar meeding en dat die perd en sy ruiter beide medaljes verower. Tydens vanjaar se Olimpiese Spele vind kompetisies plaas in dressage, spring en eventing. Laasgenoemde is 'n kombinasie van dressage, spring en 'n veldwedloop (cross country). Ek wou nie equestrian vertaal as perdesport nie, maar jou wrintiewaar die amptelike webtuiste van die beherende sportliggaam Federation Equestre Internationale (FEI) is *www.horsesport.org*.

### *Fencing / Skerm*

Skerm is slegs een van vier sportsoorte wat by alle Olimpiese Speles sedert 1896 beoefen is. Drie kompetisies vind plaas in skerm, naamlik, foil, èpee en sabre. Lees gerus op die webtuiste van die Internasionale Skermfederasie (FIE) *www.fie.ch* wat dit alles beteken.

### *Football (Soccer) / Sokker*

Sokker is seker die gewildste sportsoort ter wêreld en sokkerentoesiaste is bevoorreg om sommer elke tweede jaar 'n wêreldkompetisie dop te hou. Tydens die Olimpiese Spele is daar kompetisies vir mans- en vrouesokker. Die webtuiste van

die Internasionale Voetbalfederasie (FIFA) is *www.fifa.com* en vir diegene wat ook nie meer kan wag vir 2006 nie, *www.fifaworld-cup.com*.

### *Gymnastics / Gimnastiek*

Net vir interessantheidshalwe, hierdie ou sportsoort se naam is afgelei van die Griekse woord gymnos wat naak beteken. Dit is ook afgelei van die woord gymnasium, laasgenoemde beteken 'n plek waar atlete bymekaar gekom het om te oefen, te kompeteer en opleiding te ontvang in musiek, filosofie en kultuur. Hierdie grasieuse sportsoort is beslis meer as 'n kykie werd en die Internasionale Gimnastiekfederasie (FIG) se webtuiste is *www.fig-gymnastics.com* ( ja deesdae is daar darem meer as 'n vyeblaar om naaktheid te bedek!).

### *Handball / Handbal*

'n Mens is nooit te oud om te leer nie. Ek het nie eers geweet daar is so iets soos handbal nie! Maar dit lyk my dis net soos sokker, met die groot verskil jy kan jou hande ook gebruik en niemand mag die bal langer as drie sekondes vashou nie! Die webtuiste vir die Internasionale Handbalfederasie (IHF) is *www.ihf.info*.

### *Hockey / Hokkie*

Hokkie is net so 'n gewilde sportsoort. Die tipe wat beoefen word by die Olimpiese Spele is buitemuurse hokkie en word gespeel op 'n spesiale sintetiese oppervlak. Tydens die Olimpiese Spele gaan daar slegs 12 mans- en 10 vrouespanne wees wat gaan deelneem. FIH, die Internasionale Hokkiefederasie se webtuiste, is *www.fihockey.org*.

### *Judo*

Hierdie Japannese sport word gedefinieer soos volg: 'Although Judo is a martial art, its practice and methods are based around gentleness.' Judo is al sedert 1964 ( Tokyo natuurlik!) 'n item by die Olimpiese Spele. Mans en vroue neem afsonderlik deel in sewe gewigsgroepe. Die Internasionale Judofederasie (IJF) is te vinde op die Net by *www.ijf.org*.

### *Modern pentathlon / Moderne vyfkamp*

In hierdie sportsoort neem atlete in vyf verskillende sportsoorte deel: skiet, skerm, swem, perdry en 'n veldwedloop. Die Olimpiese kompetisie vind plaas op een dag en daar is verskillende kompetisies vir mans en vroue. Die webtuiste van die Internasionale Moderne Vyfkampvereniging (UIPM) is *www.pentathlon.org*.

### *Rowing / Roei*

Tydens die Olimpiese spele is daar nie minder as 14 verskillende kompetisies nie. Lees gerus meer op die Olimpiese webtuiste van al die verskillende afdelings. Die Internasionale Roeifederasie (FISA) bevind hulleself by *www.worldrowing.com*.

### *Sailing / Seiljagvaart*

Dis een van die sportsoorte waar ouderdom nie juis 'n rol speel nie. Jarelange ondervinding verbeter net 'n atleet se kanse op 'n oorwinning! Daar is 11 kanse op 'n goue medalje in die sport. Vier vir mans en vier vir vrouens en dan ook drie sogenaamde oop kompetisies waar mans en vroue saam deelneem. Die Internasionale Seilfederasie (ISAF) se webtuiste is *www.sailing.org*.

### *Shooting / Skiet*

Ouderdom is ook glad nie 'n faktor in hierdie sportsoort nie - tydens die 1992 Olimpiese Spele was die goue medalje wenner in die 50 meter pistoolskiet 17 en die silwer medalje wenner 58! Verskeie kompetisies vind vanjaar plaas en die Internasionale Skietsportfederasie (ISSF) se webtuiste is *www.issf-shooting.org*.

### *Softball / Sagtebal*

Die sport is 'n aksievolle spansport en so ver ek kan onthou, het ons dit Rounders genoem as kinders. Ook hier word gekolf en gehardloop. Slegs agt internasionale spanne neem vanjaar deel aan die sport. Die Internasionale Sagtebalfederasie (ISF) se webwerf is *www.internationalsoftball.co*.

### *Table tennis / Tafeltennis*

Die sportsoort was ook vroeër bekend as 'ping pong'. Tydens die Olimpiese Spele gaan deelnemers kompeteer in enkelspel en dubbelspel kompetisies. Mans en vrouens neem afsonderlik deel en die kompetisie vind op 'n uitskakel metode plaas. Die wenner van ten minste vier uit sewe spelle dring deur na die volgende rondte. Lees meer oor die Internasionale Tafeltennisfederasie (ITTF) by *www.ittf.com*.

### *Taekwando*

Taekwando het in Korea ontstaan en is sedert 2000 (Sydney) 'n amptelike sportsoort. Taekwondo is ook 'n tipe 'martial art'. Moet sê, nie baie bekend ter plaatse nie. So kyk maar self wat dit behels en lees intussen meer by *www.wtf.org*. Ignoreer maar die 'prompt' wat sê jy moet Koreaanse karakters aflaai as jy die webtuiste van die Internasionale Federasie van Taekwando oopmaak. Dis nie nodig nie, daar is helaas ook 'n Engelse opsie.

### *Tennis*

Vir die wêreld se duisende tenniskykers is die eerskomende Europese somer 'n bonus. Franse Ope, Wimbledon, Athene en kort daarna die Amerikaanse Ope. Volgens kommentaar van vorige goue medalje wenners is 'n oorwinning op die Olimpiese baan belangriker (net 'n medalje) as 'n oorwinning in een van die Grand Slam toernooie (baie geld). Die Internasionale Tennisfederasie (ITF) se webtuiste is by *www.itf.com*.

### *Triathlon / Driekamp*

Haal baie diep asem! Die deelnemers hier swem vir 1 500 meter, ry fiets vir 40 kilometer en hardloop dan tien kilometer - en dit alles sonder 'n ruskans tussenin. Die Internasionale Driekampvereniging (ITU) se webtuiste is *www.triathlon.org*.

### *Volleybal / Vlugbal*

Vlugbal is ook een van die sportsoorte met 'n Amerikaanse oorsprong en het in 1895 by 'n YMCA ontstaan. En die eerste naam daarvoor was Mintonette. Behalwe vir die binnenshuise vlugbal is daar ook strandvlugbal by die Olimpiese Spele. Die Internasionale Vlugbalfederasie (FIVB) se webtuiste is *www.fivb.ch*.

### *Weightlifting / Gewigoptel*

Dis die sport vir die sterk mense. Atlete neem deel volgens hulle liggaamsgewig. Vir mans is daar agt kategorieë en vir vrouens sewe. So kry die klein sterk mannetjies en vroutjies en die groot sterk manne en vroue darem 'n beter kans om medaljes te verower. Die wêreldbeherende liggaam vir die sport is die Internasionale Gewigoptelfederasie (*www.iwf.net*).

### *Wrestling / Stoei*

Daar is twee stoeistyle. Greco Roman en Free Style. By eersgenoemde is grepe van die middellyf boontoe toelaatbaar en by laasgenoemde word grepe oor die hele liggaam toegelaat. Atlete neem ook deel volgens gewig en daar is altesame 18 kanse op goue medaljes vir mans en vrouens. Die internasionale beherende liggaam vir stoei is die Internasionale Federasie van Geassosieerde Stoeistyle (FILA) *www.fila-wrestling.com*.

### *NOCSA*

'n Webwerf wat ook inligting bevat oor die Olimpiese Spele is die een van die Nasionale Olimpiese Komitee van Suid-Afrika (NOCSA) *www.nocsa.co.za*. Lees meer hieroor, onder andere, die kriteria waaraan atlete moet voldoen om in Athene te gaan meeding. Ek is seker NOCSA sal later vanjaar 'n lys publiseer van al ons atlete wat in Athene gaan deelneem.

Om af te sluit, 'n interessante brokkie: Die 1900 Olimpiese Spele in Parys is bygewoon deur meer atlete as toeskouers!

Moet sê, as inwoner van Kaapstad is ek nogal jaloers dat ons nie vanjaar die Olimpiese Spele gaan aanbied nie. Hopelik kry ons wel eendag die kans en dan kan iemand 'n artikel skryf oor Kaapstad 2020...